

1 Mei

Lukas 15: 17-21

(Teks: 15:20)

### ***Sy Vader omhels hom***

Saam met die VERLORE SEUN het ons gestap tot by die punt van belydenis; Here, net U kan my help. So staan ons vlak voor Jesus. Baie mense het al gesê: Net God kan my help en tog het hulle nog nie hierdie geloofsekerheid nie; Ek weet my Verlosser leef! Dié mense kom die vyfde tree kort.

Die VERLORE SEUN het opgestaan en teruggegaan na die vaderhuis. Wie sien hom eerste aankom, al lyk hy nou so verslons? Sy Pa! Hy het al die tyd gekyk. Die pad dopgehou. Gewag. Sy seun nie afgeskryf nie. En nou, daar sien hy hom en toe hardloop hy. Hy gaan haal sy seun. Met uitgestrekte arms omhels hy hom. Die VERLORE SEUN in die arms van sy Pa, Aan sy Pa se bors. In omhelsing. Wat 'n gesig! Hier staan letterlik: Sy Pa val op hom, druk hom met al sy krag teen hom vas.

Sien nou in die geloof die arms van Jesus aan die kruis - uitgesprei, oop-arms! Dit is om jou op te vang en aan Hom vas te druk. Weet dit: Jou Here staan nie beskuldigend voor jou nie! In sy oop arms mag jy jou in die geloof werp en bely: Ek het teen U gesondig! God wil dat ek my met my sonde-flenters ten volle aan die gekruisigde Jesus sal gee. Daarvoor gebruik Hy die beeld van omhelsing, in die arms val van...! Niemand kan so vuil en so van die sonde stink dat daar in die oop arms van Jesus Christus nie vir jou plek is nie.

Daarom die vyfde tree op die pad van geloofsekerheid: Werp jou in die arms van Jesus Christus. Goddank vir die genade om dit te kan doen. Goddank dat dit ook nie uit jou self is nie, maar Hy het jou geroep, Hy het sy arms oopgemaak, Hy het jou omhels.

Daarom mag jy sê, gewis en seker: Here, ek weet!

Sing Psalm 146:6 en 8

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)